

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak nr. : 2094/2003

A PAPAGAPIOU

EISER

en

SANTAM BEPERK

VERWEERDER

UITSPRAAK:

CILLIé R

AANGEHOOR OP:

14, 15, 17 SEPTEMBER 2004

GELEWER OP:

11 NOVEMBER 2004

- [1] In uitvoering van 'n ooreenkoms tot dien effekte bereik tydens 'n reël 37 samespreking is by die aanvang van die verhoor gelas dat “die bewerings soos vervat in paragraaf 8 van eiser se besonderhede van vordering gelees met paragraaf 7 van verweerder se verweerskrif” eers bereg word en dat alle ander geskilpunte oorstaan vir latere beregting.

[2] Die geskilpunt geopper in gemelde paragrawe van die pleitstukke is of “.... 7.3 Eiser vir André Carstens probeer omkoop het deur aan hom ‘n belofte te maak om indien hy die waarde van die skade op R500 000,00 sou bepaal hy aan gesegde Carstens ‘n bedrag van R50 000,00 kontant sou betaal” en “.... 7.4 Gedurende November/Desember 2002 het eiser aan gesegde Carstens ‘n bedrag van R10 000,00 kontant beloof indien hy die waarde van die skade op R165 000,00 sou bepaal”.

[3] Die volgende agtergrond maak hierdie geskilpunt verstaanbaar:

Eiser het ‘n versekeringskontrak (hierna polis genoem) met verweerder gesluit in terme waarvan verweerder onderneem het om eiser skadeloos te stel in geval van skade aan verbeteringe op eiser se besigheidspersoneel geleë te Virginia. ‘n Gebou op die perseel is beskadig in ‘n brand terwyl die polis van volle krag en werking was.

Klousule 8 van die polis lees as volg:

“Indien enige eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is of indien enige bedrieglike metodes of middele deur die versekerde of enigiemand wat namens hom optree met sy medewete of toestemming gebruik word om enige voordeel ingevolge hierdie polis te verkry of indien enige gebeurtenis

veroorzaak word deur die opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die versekerde word alle voordele wat deur hierdie polis ten opsigte van enige sodanige eis verskaf word verbeur”.

Dit is hierdie klousule wat die grondslag bied vir verweerder se pleit soos hierbo weergegee.

- [4] Namens die eiser het ene Carstens getuig. Hy is die persoon na wie in die aangehaalde paragrawe van die verweerskrif verwys word. Sy getuienis was nie werklik aangeveg nie. Eerder was daar in kruisverhoor gepoog om die werklike inslag daarvan te ondersoek. Die crux van Carstens se getuienis was dat hy as assessor deur verweerder opdrag gegee was om die eis te ondersoek, die skade vas te stel en die bedrag daarvan met die eiser, as versekerde, te skik. In sulke situasies tree Carstens dan op as agent vir die verweerder. In hierdie verband het hy die eiser geskakel en ‘n afspraak met hom gemaak. Tydens die ontmoeting op 13 November 2002 het die eiser, nadat die skade besigtig was, hom gevra wat hy dink die omvang van die skade is. Carstens het geantwoord dat hy eers ‘n

berekening sal moet maak. Eiser het daarop gevra of dit R1 miljoen of dalk R500 000,00 kan wees. Carstens het volgehou dat hy eers berekeninge moet maak. Eiser het toe gesê dat hy die skade so hoog as moontlik moet bereken en dan sal hy, dit is eiser, aan Carstens 10% van die skikkingsbedrag in kontant gee. Carstens het geantwoord dat hy dit nie kan doen nie. Eiser het daarop uitgevra na Carstens se gesin en kinders en wanneer hy op verlof sou gaan. Carstens het geantwoord dat hy nie geld het om op verlof te gaan nie. Eiser het daarop gesê dat Carstens hard werk, dat die lewe kort is, dat hy dit aan sy gesin verskuldig is om bietjie te rus en dat niemand sal weet as die bedrag in kontant aan hom betaal word nie. Eiser het voorts navraag gedoen of Carstens se werk kontroleer word. Carstens het geantwoord dat sekere eise wel ge-oudit word, veral brandeise en eise bo R20 000,00. Die partye is toe uitmekaar. 'n Week of wat later het Carstens en eiser 'n tweede ontmoeting gehad. Carstens het eiser meegedeel dat hy die skade op ongeveer R130 000,00 skat. Eiser was hiermee ontevrede. Eiser het versoek dat dit aangepas word

na R165 000,00 en herhaal dat hy dan R10 000,00 aan Carstens sal betaal. Volgens Carstens het eiser self op geen stadium enige berekeninge van die skade gedoen nie. Eiser se opmerkings en aanbiedings was nie lighartig of in 'n grap bedoel nie. Carstens het die hele aangeleentheid aan die verweerder rapporteer en 'n volledige verslag van die gebeure opgestel. Daardie verslag is Bew. A34. Die gebeure bovermeld, word daarin uiteengesit.

[5] Dit is dus duidelik dat eiser geen basis vir sy voorgestelde bedrae gehad het nie, aangedring het dat die skade onrealisties hoog bereken moet word, 'n beloning aan Carstens aangebied het indien hy die skade sodanig sou bereken, moeite gedoen het om vas stel of verweerder van sodanige ongerymdheid bewus sou kon word, en met sodanige aandrang volgehou het ten spyte van Carstens se onwilligheid om daaraan gehoor te gee.

[6] Dit is ge-ykte reg dat die bewyslas ten aansien van 'n verweer ge-opper deur 'n versekeraar op die basis soos deur

verweerder gepleit, op die verweerder rus.

Mnr Claassen, namens die eiser, se betoog is dat die verweerder hom nie van daardie bewyslas gekwyt het nie.

Met 'n beroep op **LAWSA Volume 12 paragraaf 320**

voetnoot 9 wat as volg lees:

“.... an insurer that desires protection against a valid claim accompanied by fraudulent means will have to insert an appropriate clause in its contract.”

betoog hy dat klousule 8 *supra* aangehaal slegs bedrieglike eise tref en nie wyd genoeg is om die onderhawige feite te dek nie. Mnr Claassen verwys na 'n aantal gerapporteerde beslissings wat handel met gevalle waar eise ingedien was op sterkte van polisse wat 'n meer of min gelykluidende bepaling bevat het. Hieruit konkludeer hy dan dat so 'n bepaling slegs toepassing vind as 'n bedrieglike eis daadwerklik ingedien was.

- [7] Dit is nodig om in hierdie verband slegs na **FOURIE v SENTRASURE 1997 (4) SA 950 (NK)** te verwys aangesien

dit die beslissing is waarop Mnr. Claassen die sterkste gesteun het. Sy betoog is dat 'n klousule wat “omtrent identies” bewoord is aan die onderhawige klousule 8 in daardie uitspraak verstaan was as dat dit 'n verweer bied teen 'n “eis wat ingedien is”. Ten aansien van 'n klousule wat handel met valse verklarings gemaak ter ondersteuning van enige eis, is bevind dat 'n valse voorstelling wat voorgehou is na die eis reeds ingedien was, nie verstaan kan word as 'n valse voorstelling “by indiening van die eis nie”. Dít betoog Mnr. Claassen toon aan dat so 'n klousule slegs toepassing vind in gevalle waar die eis inderdaad ingedien was.

In die onderhawige geval is geen bedrieglike eis ingedien nie, omdat Carstens nie geneë was tot die indien van so 'n bedrieglike eis nie. Derhalwe kan verweerder hom nie op klousule 8 beroep nie luidens Mnr. Claassen se betoog.

- [8] Bestudering van die bewoording van klousule 8 toon aan dat dit voorsiening maak vir drie verskillende omstandighede

naamlik:

1. Indien 'n eis in enige opsig bedrieglik is;
2. Indien bedrieglike metodes of middele gebruik word om enige voordeel ingevolge die polis te verkry;
3. Indien enige gebeurtenis opsetlik veroorsaak word deur die versekerde.

[9] Mnr. Claassen se betoog mag korrek wees ten aansien van die eerste omstandigheid hierbo vermeld. Op die oog af kom dit voor asof slegs by die indien van 'n eis daardie omstandigheid dan toepassing sal vind.

Dit is egter duidelik dat die verweerder sy verweer baseer op die tweede omstandigheid. Die woorde “.... om enige voordeel te verkry” soos gebruik in klousule 8 *supra* aangehaal, moet myns insiens verstaan word as “.... ten einde enige voordeel te verkry”. So gesien verg dit nie dat die eis daadwerklik ingedien moet word en ook nie dat die voordeel inderdaad verkry is nie. Die gepoogde omkoop

van 'n assessor om die skade hoër te maak as wat dit werklik is, is 'n bedrieglike metode of middel wat gebruik word ten einde 'n voordeel ingevolge die polis te verkry. Die oogmerk van klousule 8 is klaarblyklik die ontmoediging van die gebruik van enige metode of middel ten einde 'n voordeel te verkry wat nie verband hou met die werklike skade nie of daardie metode of middel nou slaag aldan nie. Potensiële nadeel is per definisie voldoende vir bedrog. 'n Bedrieglike metode of middel in hierdie sin is dus 'n metode of middel wat potensiële nadeel vir die versekeraar inhou.

Die verweerder het dus bewys dat die eiser bedrieglike metodes of middele ten einde 'n voordeel te verkry soos bedoel in klousule 8 van die polis, gebruik het. Dit bring mee dat die eiser alle voordele wat die polis in terme van hierdie gebeure die eiser bied, verbeur.

Bygevolg word die eiser se eis afgewys met koste.

C.B. CILLIé, R

Namens die eiser:

Adv. J. Claassen
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die verweerder:

Adv. R. Cronjé
In opdrag van:
Naudes Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/spieterse